

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

9.5

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Port Elizabeth

Titel van Projek: Gemeentejaarstudent met die opdrag gemeentebou: Jeugbediening

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Dr Carel van der Merwe
Posadres:	La Provence 10, Carstensweg, Kamma Ridge, 6025
E-pos:	clvdm1@gmail.com
Faks:	-
Tel. (k):	041 585 4730
Tel (h):	-
Selfoon:	082 821 7600

 (Konsulent Dr Willem Wiid, namens die leraar en gemeente van De Duin)	29.09/2020
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) **Thania Botha**, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van **Port Elizabeth**, dat hierdie projek op **31 Augustus 2020** deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	29/09/2020
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

HUIDIGE STAND VAN DE DUIN-GEMEENTE

1.1. De Duin-gemeente is tans in 'n oorgangstyd op reis na 'n missionale gemeente. Dit opsigself is 'n uitdagende reis, maar 'n reisproses waarin die oorgrote meerderheid van leiers en gemeentelede ingekoop het.

1.2. Die gemeente het haarself ook geanker in Psalm 1: " Soos 'n boom wat geplant is by waterstrome en vrugte gee op sy tyd." Hierdie teks wat die gemeente stuur om in diepte (soos by waterstrome) te luister na God, na die gemeente en na die gemeenskap. Tans is die teks waarin die gemeente wandel vir ongeveer 9 maande Lukas 9:1-2 wat ook die basis vorm vir die roeping van die gemeente (Geroep, (versamel), (gevorm) en gestuur). (Sien ook die embleem bo-aan die hierdie skrywe.

1.3. Die gemeente bid vir meer as 'n jaar ten minste elke Sondag vir die volgende sake:

- 1.3.1. Die droogte en die gevolglike landboustoestande, en ander verwante sake
- 1.3.2. Die land en regering en leiers
- 1.3.3. Die kerk en die uitdagings aan die kerk – ook die plaaslike gemeente van De Duin
- 1.3.4. Die jeug insluitende kinders, studente en jong volwassenes
- 1.3.5. Gedurende die afgelope 6 maande ook vir die sake rondom Covid 19

1.4. Die gemeente het tans ongeveer 200 lidmate asook 'n verskeidenheid persone wat inskakel, maar nie lidmate is nie. Hierdie 200 mense bestaan uit pensioenarisse wat uit die aard bejaardes is, mense wat finansiële swaarkry, 'n groot aantal haweloses (waarvan sommige stelselmatig begin inskakel) en baie min jonger mense en jong gesinne. Die kategorie en jong volwassenes het die afgelope jaar 'n klein opflukking gehad, maar die inperking het die energie feitlik tot stilstand gebring.

1.5. Die finansies van die gemeente is nie in die rooi nie, maar daar is ook nie finansies om groter uitdagings aan te pak nie.

DIE GEMEENSAP WAARBINNE DE DUIN HAAR BEVIND:

2.1. Soos reeds genoem, is die omgewing waarbinne die gemeente is, 'n ouer en armer deel van die stad.

2.2. Daar is egter baie kinders (veral in Forest Hill) en studente in die omgewing (baie uit gebroke huise en huwelike) wat kerkloos en kerkloos is en by geen denominasie inskakel nie. Ook hulle ouers is ook nie iewers kerklik ingeskakel nie. Ons reken dat as die kinders bedien kan word, sal daar 'n belangstelling ontwikkel by die ouers.

2.3. Ook die Protea-veiligheidsentrum is in die gemeente se grense. Die uitdaging tot bediening daar is uniek.

2.4. Die gemeente het aanvaar dat hierdie persone (van klein kinders tot jong volwassenes) een van die gestuurde uitdagings van die gemeente is. Hulle is nie lidmate van De Duin nie, maar ons verstaan dat die koninkryk groter as die kerk is en dat hulle deel uitmaak van God se Missio Dei. Hulle (en die ander kerkloos-, kerkloos- en God-vervreemde mense) is ons verantwoordelikheid. Ongelukkig het die gemeente nie altyd die kapasiteit vir hierdie bediening nie onder andere as gevolg van 'n tekort aan noodsaaklike opleiding wat moet geskied en in Covid 19 nie kon geskied nie.

2.5. Die gemeente het meer en meer besef dat die toekoms van De Duin duister is as daar net gereken word op die toegewyde ouer persone en as daar nie vanaf die jonger geslag 'n invloed kom nie.

2.6. Daarvoor het die gemeente gebed dat die Here sal voorsien en die situasie sal verander (net soos by die ander sake van gebed, soos vroeër genoem).

DIE REDE VIR HIERDIE AANSOEK:

3.1. Teologiese Student Danie de Jongh, wat tans aan die Teologiese Fakulteit van Bloemfontein studeer, het aansoek gedoen om sy gemeentejaar in De Duin te kom doen

3.2. Hy het al verlede jaar gevra of hy sy gemeentejaar in De Duin kan kom doen, maar op daardie

stadium was dit onduidelik wat die situasie van die gemeente was en of die gemeente hom sou kon akkommodeer. Ekself was toe maar ongeveer 1 maand hier

3.3. Ek het hom verwys na die Kuratorium en hulle het hom toe verwys vir sy mentorjaar na sy tuisgemeente in Viljoenskroon. Ongeveer 3 weke gelede het Viljoenskroon hom laat weet dat hulle Finansies verswak het in die COVID-19 tyd en dat hulle hom nie meer kan help met sy gemeentejaar nie.

3.4. Verlede week het hy gevra of hy dalk na De Duin kon kom.

3.5. Danie is 'n leiersfiguur en was onder andere ook voorsitter van die Teologiese Studentevereniging. Hy het vroeër sy kinder-evangelisasie opleiding by Petra Kollege ontvang. In ons vorige saamwees in Bloemfontein het hy selfs die materiaal geskryf vir die kategeese. Nodeloos om te sê dat ek, en later die leiers in De Duin-gemeente, baie opgewonde is oor die persoon en wat, ons glo, die Here ons gee in antwoord op ons gebede.

3.6. Ons wil dit egter baie duidelik stel dat die student sy gemeentejaar kom doen waarvan jeugwerk 'n onderafdeling is en dat hy nie as jeugwerker sal kom nie, maar saam sal deelneem aan die gemeente-ontwikkeling en die volle spektrum van die gemeente se werksaamhede sal ervaar.

3.7. Maar met sy kennis en ervaring van "jeug-evangelisasie", kan hy 'n groot invloed uitoefen onder die "afwesige" jongmense en dat hy ook die opleiding van jeugleiers in die gemeente vir die gemeenskap kan waarneem.

3.8. Ons ervaar dat die Here hierdie student vir die gemeente gegee het vir 'n tydperk en dat die gemeente by hierdie geskenk kan aansluit deur geloofsonderskeidende prosesse.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Sien punt 5 vir 'n volledige uiteensetting van die gemeente en betrokke persone by hierdie projek.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Verkenning en ontdekking	Kwartaal 1
Inoefening en gesamentlike ontwerp van waarmee God besig is	Kwartaal 2
Praktiese werk en God se missio Dei met leraar as mentor	Kwartaal 2
Die stappe van projek sal eers gefinaliseer word as ons weet die fondse is beskikbaar.	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Jamey Verwey (Voorsitter van die Jeugbediening en Voorsitter van die Taakspan wat hierdie aansoek indien)	De Duin
Nicola Verwey (Waarnemende leier van die Jong Volwassenes)	De Duin
Hester Bezuidenhout (Lid van die Taakspan met 'n passie vir hierdie saak)	De Duin
Francois Potgieter (Leierouderling en voorsitter: Diensverhoudings)	De Duin
Carel van der Merwe (Leraar)	De Duin

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING**8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne**

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
GEEN	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
Vergoeding:	R35 000
TOTAAL:	R35 000

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R35 000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R35 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Maandeliks vanaf 1 Januarie 2021 – 1 November 2021	R3500 per maand

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die gemeente se taakspan is ook bewus van die feit dat hierdie Bedieningskommissie eers in Maart 2021 vergader en versoek of daar dalk 'n moontlikheid is om die gemeente voor te skiet met 'n bedrag van R10,000 vir die eerste 2 maande (d.w.s. Januarie en Februarie)

Uit die aard van die saak onderneem die gemeente om hierdie fondse, indien dit toegeken word, uitsluitlik vir hierdie gemeenteontwikkeling (en dan veral vir die ontwikkeling van die jeugbedieing) aan te wend en verslag te lewer, in soverre dit enigsins moontlik is.

Die gemeente De Duin, versoek dus die Bedieningskommissie om op aanbeveling van die Ring hierdie versoek van De Duin, goedgeunstig te oorweeg en goedkeuring te verleen tot die toestaan van die nodige fondse

Ons dank u by voorbaat vir u ontvangs van die hierdie aansoek en die oorweging hiervan.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf

